# KINDERKERK LES: Woord Studie - Hoop

**Doel van les:**

Ons gesels hierdie kwartaal bietjie oor moeilike woorde wat in die Bybel voorkom.

**Nuwe Testament Bybelboek bewegings:**

- **Matteus** – Albei hande bokant jou kop in 'n kroon en laat jou hande afsak asof jy die kroon op jou kop sit. (Koningskap van Jesus - God het finaal kom wys wie die Koning van die konings en die Heer van die Here is.)
- **Markus** – Arms af, hande gevou voor jou en kop gebuig. (Beklemtoon Jesus as DIENSKNEG van God.)
- **Lukas** – Hou al tien vingers op, maak hulle toe en weer oop – tien uit tien - (Jesus is die perfekte mens, die Seun van die Mens.)
- **Johannes** – Maak asof jy 'n baba wieg en wys dan op na die hemel. (Jesus is die Seun van God. Beklemtoon Jesus se goddelikheid. Hy is ten volle God.)
- **Handelinge** – Gebruik jou regterhand se wysvinger en middelvinger om op en af jou linkerarm te loop. (Vestiging van die kerk. Evangelie van Jesus na die uithoeke van die wêreld versprei is.)
- **Romeine** – Wys thumbs up. (Paid in full. Beklemtoon dat Jesus die gelowiges se straf ten volle betaal het. Gelowiges in die regte verhouding met God geplaas het.)
- **1 Korinthiërs** – Wys 'n 1 met jou wysvinger en slaan dan met jou regterhand jou linkerhand asof jy pak gee. (Kerngedagte: Spanking the saints. Paulus skryf aan die gemeente om vele verkeerdhede reg te stel waarmee die gemeente sukkel.)
- **2 Korinthiërs** – Wys 'n 2 met jou wysvinger en middelvinger en slaan dan met jou regterhand jou linkerhand asof jy pak gee. (Kerngedagte: Anatomy of an apostle Paulus skryf aan die gemeente om vele verkeerdhede reg te stel waarmee die gemeente sukkel. Paulus beskerm sy apostoliese gesag teen dwaalleraars.)
- **Galasiërs – Hou jou twee wysvingers oor mekaar in 'n x en skud jou kop nee.** (Paulus waarsku die Galasiërs om nie ekstra goed by te voeg by Jesus se verlossingsdaad nie. Jesus het gelowiges verlos uit die boeie van godsdienstigheid en wettisisme. Vrygemaak van die leuen dat jy jouself kan red)
- **Efesiërs – Hou jou twee wysvingers op en vleg hulle inmekaar.** (Christene moet `n eenheid vorm en saamwerk.)

**Ysbreker:**

Trek 'n groterige boks soos 'n fotostaat papier boks mooi oor. Gooi 'n klompie goed in die boks wat jy kan weggee bv. Lekkers , chips, stokkielekkers, net wat jy het om weg te gee. En skryf daarop "Pryse". Laat die kinders in 'n sirkel staan en voordat jy begin gesels jy eers met die kinders oor die volgende:

**Besprekings vrae:**

1. Hoop julle dat daar pryse in die boks is?
2. Hoekom hoop julle dit? (omdat dit op die boks geskryf staan).
3. Dit voel amper asof ek 'n belofte maak DAT daar pryse in die boks is.
4. Wanneer iemand jou iets beloof dan HOOP jy dat hulle dit sal doen, of dat dit so sal wees soos hulle beloof het?

Nadat die kinders deelgeneem het aan die bespreking speel jy lekker musiek en laat die kinders die boks in die rondte omstuur. Die een wat die boks vashou wanneer die musiek ophou mag EEN iets uit die boks uit kies (sonder dat die ander sien wat alles in die boks is). Daardie kind is dan uit, speel die musiek en stuur die boks om totdat almal 'n beurt gekry het. Wanneer die speletjie klaar is vra jy die kinders of hulle gekry het wat hulle gehoop het in die boks was?

**<u>Hoop</u>:**

Soos julle seker agtergekom het gaan ons vanoggend bietjie oor die woord "HOOP" praat.

Wat is hoop? Hoop is om in jou hart te weet dat iets gaan gebeur al kan jy dit nog nie sien nie.

Daar is egter twee soorte hoop. Die een is die wêreld se hoop, soos om te sê ek hoop ons eet vanaand pizza. Hierdie 'hoop' is meer 'n wens dat dit so sal wees, want jy is nie SEKER dat dit gaan gebeur nie.

Wanneer ons sê ons 'hoop' op God, is dit iets heel anders. As ons op God hoop, dan weet ons dat Hy dit sal doen wat Hy in die Bybel beloof Hy sal doen.

HOOP is iets BAIE belangrik, want wanneer dit sleg gaan, dan help HOOP ons om vas te hou en te glo dat dinge beter sal gaan, of dat daar uitkoms sal kom.

**<u>Daniël se drie vriende:</u>**

**Storietyd: Die Brandende oond**

Die storie word vertel deur gebruik te maak van pass the parcel speletjie. Druk die vyf prentjies van Sadrag, Mesag en Abednego in die vuuroond uit. Kry vyf boksies wat in mekaar pas. Sit in elke boksie een van die prentjies wat die storie vertel volgens doie volgorde van die storie. Met ander woorde die grootste boks moet die eerste prentjie bevat met die ander bokse ook binne in mekaar in die groot boks. Die kleinste boksie sal die laaste prentjie bevat. Om dit meer pret te maak, kan jy elke boksie met geskenkpapier oortrek en dan eers die geskenkpapier moet oopskeur om by die volgende boks uit te kom. Jy speel nou musiek en laat die kinders die groot boks in sirkel aangegee. Sodra die musiek stop moet die kind die papier aftrek, en die prentjie in die boks vind en vir die groep wys. Dan vertel jy daardie deel van die storie. So gaan die speletjie aan totdat die laaste boks oop is en prentjie behandel is.

**Begin die musiek speel en die boks in die groep aangee. Stop die musiek. Prentjie een**

"Almal moet my aanbid," het koning Nebukadnesar gesê. "Dan sal hulle weet hoe belangrik ek is." Hy kry toe mense om 'n goue standbeeld van homself te maak wat dertig meter hoog en drie meter breed was. Hy laat toe vir al die belangrike mense in die land weet dat hulle na die beeld toe moet kom.

"Wanneer julle die musiek hoor, moet julle voor die beeld neerbuig," het die koning se amptenare gesê. "Die wat dit nie doen nie, sal in 'n brandende oond gegooi word."

**Speel die musiek en laat die boks aangegee word in die groep. Stop die musiek.Prentjie twee.**

Toe die musiek begin, het almal voor die beeld gebuig behalwe Sadrag, Mesag en Abednego. Toe die koning dit hoor, was hy baie kwaad.

"Buig of ek gooi julle in die brandende oond," het hy gesê.

"Ons kan nie," het hulle geantwoord. "Ons buig net voor God."

**Speel die musiek en laat die boks aangegee word in die groep. Stop die musiek. Prentjie drie.**

Dit het die koning nog kwater gemaak.

"Maak die oond sewe keer warmer," het hy beveel.

Toe het die koning se amptenare die drie vriende in die oond gegooi, maar hulle het niks oorgekom nie. Hulle het in die vuur rondgeloop.

**Speel die musiek en laat die boks aangegee word in die groep. Stop die musiek. Prentjie vier.**

Die koning sien toe dat daar 'n vierde man by hulle in die oond is. "Hy lyk soos 'n hemelwese!" het die koning uitgeroep.

**Speel die musiek en laat die boks aangegee word in die groep. Stop die musiek.Prentjie vyf.**

Toe sê die koning hulle moet die drie vriende uit die oond haal. Hulle sien toe dat hulle glad nie verbrand het nie. Hulle klere het nie eens na rook geruik nie "God het sy engel gestuur om hulle te help," het die koning gesê. Die koning het toe gesê dat almal nou Sadrag, Mesag en Abednego se God moet aanbid en nie meer standbeelde nie.

Verhaal geneem uit: Gunsteling Bybelverhale vir kinders, V. Gilbert Beers en Ronald A. Beers, bl160-161, Prentjies gekry by Lambsongs.

Daniël se drie vriende wat in die vuuroond gegooi is, is vir ons 'n goeie voorbeeld van hoop.

Hulle het gehoop dat God hulle uit die vuuroond sou red, en dit was genoeg rede vir hulle om nie voor die koning se beeld te buig en 'n ander god te aanbid nie.

**Toepassing:**

Wanneer dinge swaar en moeilik in jou lewe gaan, help hoop dat God jou gaan help jou om vas te hou, en nie moed op te gee nie. Hoe God help, lyk nie altyd soos ons DINK dit gaan lyk nie.

God het nie gekeer dat Daniël se drie vriende in die vuuroond beland nie, maar Hy het hulle wel beskerm dat hulle niks oorgekom het IN die vuuroond nie. God het 'n engel gestuur wat saam met hulle in die vuuroond was.

Partykeer laat God toe dat slegte goed met ons gebeur, maar as ons HOOP dat Hy sal help, dan kom ons daar deur – ok aan die ander kant. Nie altyd soos ONS dit wil hê nie, maar hoe HY die beste weet hoe!

Indien daar tyd oor is, oefen weer die Bybelboek bewegings.

Groepe sluit af met gebed.

# Prentjies vir bokse










